HERVORMING EN SPIRITUALITEIT

Gespreksgeleentheid: Skuilkrans, 20 Mei 2003

Julian Müller

1. Inleiding

Om oor godsdiens en teologie te praat is een ding. Iets anders om oor spiritualiteit te praat. Lg. is meer subjektief. Daarom meer van ‘n waagstuk. Dit is blootstellend.

In Hennie Aucamp se woorde:

> “Dis riskant om oor jou religeuse gevoelens te skryf, veral as jou instelling ondagmaties is, soos myne.” (Beeld, Plus, 4, 17 Mei 2003).

Woorde waarmee ek identifiseer.

Tog is daar geen ander manier om sinvol oor spiritualiteit te praat/skryf nie. Ek kan slegs streef na subjektiewe integriteit en nie eers probeer om objektiewe, algemeengeldende uitsprake te maak nie.

2. Raamwerk vir aanbieding

Volgens Brueggemann (Praying the Psalms, 1989):

- Being securely *oriented*
- Being painfully *disoriented*
- Being surprisingly *reoriented*

3. My eie reis deur die lande van Oriëntasie, Disoriëntasie en Heroriëntasie

Ek ervaar dit nie as lewensfases nie, maar as "lande" met krom grense. Op my reis bevind ek my dikwels skielik en onverwags in een van hulle. Daarom is die volgende *collage* van ervaringe 'n mengsel uit al drie hierdie lande. Tog is daar noodwendig 'n historiese progressie.

- My "sinkdak"-ervaring. Daarmee verwys ek na die sekuriteite van die sinkdak plaashuis waar ek in 'n stabiele gesin grootgeword het. Daarmee sluit ek ook aan by Hennie Aucamp se beskrywing van sy eie godsdienstige basis:
    - "Buite die sinkdak, het ek geweet, buite die solderduister, is 'n ligbron; en dié ligbron het my deurboor." (uit *In die vroegste*). - oriëntasie
- Huisbesoek: Ds "Mooi Koos" Louw se liggroen '58 Ford Fairlaine het buite gestaan en ons het om die eetkamer tafel gesit. Ek was 'n tiener. Almal om die tafel moet getuig van geloofsekerheid. 'n Effens benouende ervaring, maar ons het goed daarvan afgekom. Ek onthou my Ma se aanhaling uit Job: "Maar ek, ek weet my verlosser leef". - oriëntasie
- In my tweede jaar op universiteit het ek iewers 'n NGTT in die hande gekry en 'n artikel gelees oor moontlike (wetenskaplike) verklaringe vir die deurtog deur die Rooisee. Ek het dit een vakansie met my Pa bespreek. Sy reaksie het my laat besef ek beweeg nou op gevaarlike terrein. – disoriëntasie
- Op Fakulteit het ons baie dinge gehoor. Ek kan dit opsom met die drie B's:

  Bultmann is sleg, Barth is amper goed en Berkouwer is cool. – oriëntasie

- My eerste gemeente was in die middestad van Johannesburg. Oorweldigend. Ek leer verskillende mense ken. Met een van hulle is ons nog steeds vriende: Johnnie Wahl. So oud soos ek. Vir die eerste keer na my plattelandse agtergrond en Pretoria-teologie, leer ek iemand ken wat *The Star* lees! Hy was vry, vry om te kritiseer, vry om selfstandig te dink. Ek was geskok toe hy sê hy hou niks van Paulus nie, want "hy is 'n arrogante bliksem". – disoriëntasie/ heroriëntasie?

- In 1991, net na ek by die Fakulteit gekom het, het ek die voorreg om saam met kollegas 'n konsultasie met die AACC in Nairobi by te woon (met spesiale visums). Ek leer mense van ander denominasies ken, mense van ander kulture en rasse. Mense met 'n verbysterende egte spiritualiteit. - disoriëntasie/ heroriëntasie?

- In 1994 is ek vir 3 maande in Atlanta, VSA, by die Columbia Theological Seminary van die Presbiteriane. Ek gesels baie met my gasheer oor hulle teologie en spiritualiteit. Een dag verduidelik hy ewe goedsmoeds aan my dat die deursnee teoloog van hulle denominasie en definitief al die dosente aan die Seminary sal nie 'n letterlike verstaan en geloof in die maagdelike geboorte en die opstanding onderskryf nie. Ek was stomgeslaan. – disorëntasie/ heroriëntasie.

- In dieselfde tyd ontmoet ek een van die mees gerespekteerde pastorale teoloë van ons tyd: Charles Gerkin. Later skryf ek sy boek *Prophetic Pastoral Practice* aan my M- en D- studente voor. Ek doen dit steeds. Hy beskryf sy hele pastorale teologie aan die hand van drie metafore:

    - *Presence*
    - *Community*
    - *Vocation*

Eers na 'n paar jaar van besig wees met hierdie boek, besef ek op 'n dag met 'n skok: Hy werk dan nie met die metafoor van verlossing nie. Ek begin daaroor navraag doen by studente en kollegas en ondersoek my eie binneste, en ontdek: Die verlossingsmetafoor is nie meer op die voorgrond van ons spiritualiteit nie. – disoriëntasie/ her oriëntasie.

- Teen die einde van die negentigs word ek op 'n dag deur Neels Jackson van Beeld gebel om my mening te vra oor die ongesensureerde uitreiking van die film *The last temptation of Christ* op video. Ek is positief daaroor en verduidelik dat die film ons help om Jesus in sy menslikheid te verstaan. Ek word byna gekruisig. Drie gemeentes lê klagtes by die Kuratorium. Die twee gemeentes waar ek toe ouderling was en gewerk het, roep my op om te kom verduidelik en daar volg selfs 'n tugondersoek. – disoriëntasie.

- Ek lees een van die feministiese teoloë wat verduidelik dat as Jesus die enigste en enige inkarnasie van God is, sy dit nie kan aanvaar nie, want hy was ‘n man. Ek skrik omdat sy met haar argument my oortuig. – disoriëntasie/ herorëntasie.

- In 1999 woon ek ‘n workshop van ‘n week by die Evanston Family Centre in Chicago by. Die aanbieders is Gene Combs, ‘n “non-practicing Christian” en Jill Freedman, “non-practicing Jew”. Godsdiens is nie op die voorgrond nie, maar van die kursusgangers is Christene en teoloë. Die week ontwikkel in ‘n diepe spirituele ervaring. – heroriëntasie

- In ‘n tyd van my lewe toe ek min preke gehoor het wat my ‘n egte godsdienstige ervaring kon besorg, was die gereëlde rubrieke van Wilhelm Jordaan in *Beeld* met sy menslike en geesteswetenskaplike hantering van geloof, soos ‘n handvatsel. Ek leer hom ook ken en kry by hom sy *Credo.* ‘n Aangrypende verwoording van geloof. So vind ek ook in die algemene literatuur soms meer teologiese diepte as in teologiese boeke. Gedigte van Jordaan, Annette Snyman, George Weideman, TT Cloete, en andere, word spirituele ervaringe.

4. **‘n Padkaart vir ‘n nuwe spiritualiteit**

a. Verandering van *secure* na *surprise* (Brueggemann). Minder afhanklik van sekerhede en meer ingestel om *Finding God in Unexpected Places* (Phillip Yancey). Minder van ‘n pelgrimsreisiger en meer van ‘n ontdekkingsreisiger.
b. Bevry van ‘n eng, dogmaties-beheerste spiritualiteit. Minder skuldgevoelens en vryer om te ondersoek.
c. ‘n Spiritualiteit wat vry geraak het van die eng kerklike en teologiese domein. ‘n Spiritualiteit waar die grense tussen sekulêr en sakraal vervaag.
d. ‘n Ontdekking van die verhalende en metaforiese verwoording van geloof. ‘n Ontdekking dat die metaforiese

herverwoording en herverstaan van sleutelkonsepte oor God, mens en wêreld, nie ‘n verloëning van geloof behels nie, maar ‘n verdieping daarvan.